## Deel 26 - 15 Oktober 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Natuurkatastrofe voor die einde deur Vader aan Bertha Dudde gedikteer op – 22/6/58

7151 Die aarde sal in haar fondamente geskud word, omdat die mense nog eenmaal baie duidelik op die einde gewys moet word, omdat die gedagte aan die dood in hulle eendag na bo sal moet kom, wanneer hulle hulself uitgelewer sien aan geweld waarteen hulle magteloos sal wees. Baie mense sal wel daarna vra hoe hierdie aardbewings tot stand gekom het, maar die vinnig op mekaar volgende gebeurtenisse sal hulle geen tyd laat om dit te beantwoord nie. Want daarna sal daar in afsonderlike gebiede op aarde **ontploffings plaasvind van enorme omvang**, wat die mense alle vermoë om te dink ontneem, waarop dan 'n woede van natuurelemente sal volg, waarvan die gevolge nie voorgestel kan word nie en eers later deur die oorlewendes gesien sal word. En hulle sal dan geneig wees om te glo dat **proefnemings (ondersoeke)** deur mense die oorsaak was van die onbegryplike groot vernietigingswerk.

Maar hulle sal hulself vergis. **Dit sal My stem wees wat so geweldig weerklink het en moet weerklink**, omdat die mense geen aandag skenk wanneer Ek hulle sagkens aanspreek nie en terwille van hulself is daar nog 'n **laaste reddingswerk** nodig voor die kort daarop volgende einde.

Ontelbare mense sal hulle lewens daardeur verloor, goeie en slegte mense sal die slagoffer word van die vernietigingswerk, maar dit kan die oorlewendes nog tot seën wees as hulle lering daaruit trek, **as hulle leer om My te herken en in die vervolg die weg met My sal gaan.**

Al vir lank kondig Ek die gebeure aan, maar Ek vind weinig geloof, omdat die mense sulke geweldige natuurgebeure nie vir hulself kan voorstel nie en omdat **so iets ook nog nie meegemaak is vanaf die begin van hierdie aardperiode nie**. Maar daar is altyd gewaarsku daarteen en sou die mense maar net 'n vonkie geloof in My Woord gehad het, sou hulle ook rekening daarmee gehou het wat 'n lang tyd tevore bekendgemaak is. Aan die eindtyd sal alle geloof egter verdwyn en selfs Myne sal dit moeilik vind om hierdie aankondigings ernstig op te neem, hoewel hulle gewillig is en steeds met My in liefde verbonde is.

Maar skielik en onverwags sal die eerste voortekens opgemerk word, dat daar kosmiese veranderinge sal voorkom, **sodat alles skynbaar uit die wetlike ordening raak.** En daar sal seldsame waarnemings aan die hemel gemaak word, daar sal binne 'n kort tydjie onheilspellende verduisterings voorkom, maar daar sal steeds agterna 'n skynbare gerustheid wees, totdat die **natuurelemente so vinnig en vreeslik ontketen gaan word** dat daar vir geen mens tyd sal oorbly om oorleg te pleeg nie, maar dat daar dan maar één hulp sal wees: Om in gedagte na My te roep om bystand in die grootste nood en gevaar.

Alle mense wat vooraf kennis daarvan geneem het, al het dit nie vir hulle geloofwaardig geskyn nie, sal hulself in 'n toestand van groot genade bevind, omdat hulle op hoogte sal wees van hierdie enige weg en **My maar net hoef aan te roep in gees en in waarheid**. Maar ook baie onder hulle sal nie in staat wees om te dink nie en aan almal van hulle gee Ek hierdie raad: Om hulself vooraf al tot My te wend, sodat Ek hulle kan bystaan. En Ek sal hierdie versoeke aanneem, omdat hulle ook hulle geloof aan sou My bewys het, wat Ek dan sigbaar wil versterk.

Hoe hierdie gebeure hulself sal afspeel, hoef nie aan julle mense verduidelik te word nie, want dit sou julle tot niks dien nie. Maar dat dit sal afspeel, dat dit alles sal oortref in nood en ellende wat tot nou toe voorgeval het, kan julle maar glo!

En julle sal ook met groot sekerheid julle medemens daarvan in kennis kan stel, want dit kan hulle alleen maar tot seën strek om te weet dat alles deur julle God en Skepper voorbestem is, maar nie om julle skade te berokken nie, - **inteendeel slegs tot nut vir julle siele,** wie hul in die grootste gevaar bevind om verlore te gaan.

Want binne 'n **kort tyd daarna** sal die einde van hierdie aarde volg, wat egter nie deur My veroorsaak sal word nie, maar wat veeleer sal plaasvind deur **menslike wil.** Ek verhinder hulle egter nie om die alles vernietigende proefnemings uit te voer nie, omdat die tyd ook aangebreek het vir die mensdom wat sonder innerlike lewe is, waarin 'n skeiding moet plaasvind. Want alles wat uit die ordening getree het, moet weer na die ordening teruggelei word, sodat die doodgeraakte positiewe ontwikkeling nou weer kan deurgaan na 'n **nuwe aarde**, wat My Liefde, Wysheid en Mag weer sal laat ontstaan volgens My verlossingsplan van ewigheid. Amein.

***Openbaring aan Deborah Fry op 11 Oktober 2022.***

Die Vyfde Dimensie

**Deborah**: "'n Paar dae gelede het ek gehoor: "Die Vyfde Dimensie." Vandag, terwyl ek op die werf rondgeloop het, het Hy gepreek en gesê "**VYF is die getal van Genade. Jy kan slegs die 5de Dimensie bereik deur Genade.** Dit is die Hoofweg van Heiligheid (Hoogweg van Apartheid) waarvan gepraat word in **Jesaja 35**. Wie se Apartheid? Nie ons heiligheid nie, maar JaHshua se Apartheid! Want ons is die Geregtigheid van Elohim IN Messias. Ons kan toegang tot die 5de Dimensie verkry **deur Hom alleen**. Deur Genade alleen. Hoe wonderlik is dit tog om deur die Gees wedergebore te word. Hy sê vandag vir ons, "Kom hierheen, geliefdes, en ek sal jou dinge wys wat kom!" O, wat 'n reis na die Vyfde Dimensie! Toegang deur die Gees van Apartheid. En die wetenskap sê

selfs daar is beslis dimensies verder as wat ons weet of wat die sintuie kan waarneem. 'n 5de dimensie wat alles kan verander! Ek hou daarvan as die wetenskap bevestig wat ons reeds deur die Gees weet.

**JaHshua spreek:** "Geliefdes. Daar is 'n Plek waarheen net My Verlostes mag gaan. Dit is 'n Hoofweg van Apartheid waartoe jy toegang kry deur die Gees van Apartheid. Dit is uit Genade wat jy gered word **deur geloof in die Seun van God.** Dit is deur Genade dat jy opkom Hoër na Ryke van die Gees. Ek sal met jou wandel en hier met jou praat. Godsdienstige geeste poog om julle aardsgebonde te hou deur vrees, maar Ek het julle vrygemaak deur die Seun.

Staan op, My geliefdes, en kom weg. Klim op die geheime plekke van die trappe. Laat Ek jou aangesig sien, laat Ek jou stem hoor; want soet is jou stem. Kom op waar jy hoort. Jy is opgewek saam met Messias en sit saam met jou Abba Vader in die Hemelse Ryke in Messias JaHshua, sodat Ek in die komende eeue die uitnemende rykdom van My Genade kan vertoon wat deur My Goedhartigheid gedemonstreer word.

Kom hierheen en ek sal jou dinge wys wat kom. Ek sal jou strategieë en antwoorde en openbaring gee wat jou sal help in hierdie lewe. Ek het jou gemaak om in hierdie lewe te heers; om te floreer en nie net te oorleef nie. Daar is plekke in die 5de dimensie; - Poele van Genesende Waters, Biblioteke van Wysheid en Kennis; daar is Fonteine van Vreugde om uit te drink en tafels van Hemelse Manna om aan te smul. Daar is 'n Oorlogskamer om vir jou strategieë te gee en om jou te help om oorwinning in jou gevegte te behaal.

Julle sal My Glorie sien en julleself koester in My Majesteit en Vrede. Julle sal deur die Wonderbare Raadsman beraad en versier word met klere van die Vredevors. Die uitgeputtes sal bemoedig word, die swakkes sal versterk word. Die oë van die blindes sal oopgemaak word, die ore van die dowes sal ontsluit word, die kreupeles sal huppel en die tong van die stomme sal jubel in vreugde.

Staan op, kom weg, My Geliefdes, My Seuns en My Dogters, kom saam met My, My Skone. Rig jou oë op die onsigbare dinge van jou Elohim. Want wat sigbaar is, is tydelik, maar wat onsigbaar is, is ewig. `n Oog het nie gesien en `n oor het nie gehoor nie, nog het`n hart nie gedink aan wat Ek voorberei het vir die wat My liefhet nie. Maar Ek openbaar dit aan julle deur die Gees.

Die Gees deursoek alle dinge, ook die diep dinge van Elohim. Ek het voor julle uitgegaan om die Weg te berei en Ek sal julle altyd vergesel en by julle wees en julle lei, dat waar EK IS, julle ook kan wees. Hoor die Gees roep,"Kom deur die Deur na die Vyfde Dimensie, die ELOHIM-Dimensie van Genade waarheen net die Verlostes mag gaan."

**Openbaring 4:1** “NÁ hierdie dinge het ek gesien - kyk, 'n geopende deur in die Hemele, en die eerste Stem wat ek soos 'n ramshoring met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. 2 En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n Troon in die Hemele en Een sit op die Troon.”

**Jesaja 35:8-9** “En dan sal vir haar genoem word: 'n Weg en die Weg van die Apartheid; geen besoedelde sal op haar voorttrek nie, maar vir húlle sal sy wees; wie die Weg bewandel - die dwase sal nie [op haar] wandel nie. [Psalm 18:30; JeshaJaH 40:3; DaniEl 11:28-30]”

**Openbaring 11:12** “En hulle het 'n groot Stem uit die Hemele vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die Hemele in die Wolkkolom, en hul vyande het hulle aanskou.”